ROEPING



Toerustingsburo Interkulturele Werkers
Hugenote Kollege

Inhoudsopgawe

'n Woord vooraf …….. 3
Uitkomste ……..... 3
Tydskedule …….. 3
Wenke ……. 3
Ikone ……... 4

1. Roeping: 'n Babelse verwarring …….. 5

2. Wat is roeping?
1. Roeping: God roep 'n sondaar tot kind en volgeling van Hom…….. 6
2. Roeping: God roep die plaaslike gemeente (kerk) tot sout en lig in hierdie wêreld …. 7
3. Roeping: God roep elke gelowige tot spesifieke en unieke diens…….……... 9
4. Roeping: God roep …….. 10
5. Opsommend ……..……10

3. Roeping en sending
1. Geroep tot sending- wat behêls dit? ……..……12
2. Sendingroeping: waaroor duidelikheid en sekerheid? …….. 13
3. Enkele misverstande en probleme t.o.v. roeping tot sending ……14

4. Hoe roep God gelowiges tot spesifieke diens?
1. Direkte persoonlike roeping van God tot spesifieke diens …….. 20
2. Roeping tot diens deur die bemiddeling van ander mense ……20
3. Indirekte roeping tot spesifieke diens weens 'n konsekwente geloofslewe in wisselende omstandighede ……. 21
4. Enkele aspekte van God se roeping waarmee gelowiges rekening moet hou ….……... 22

5. Hoe kry gelowiges sekerheid oor hulle roeping in die wêreld?
1. 'n Lewende liefdesverhouding met God is die sleutel tot die onderskeiding van sy wil vir ons lewens …….…… 25
2. Die Heilige Gees wil ons lei en leer in God se wil …….……... 26
3. Sekerheid oor ons roeping is 'n geloofsaak …….……...30

6. Knelpunte rondom roeping
1. Helderheid en sekerheid van roeping ontwyk gelowiges …….…….31
2. Spanning oor roeping as gevolg van familie of die gesin …….…….....31
3. Die plaaslike gemeente is afwysend of onbetrokke by jou roeping ……..…….. 32

7. Van roeping tot diens
1. Persoonsontwikkeling/persoonlike voorbereiding …….……. 34
2. Professionele voorbereiding …… 36
3. Mobilisering van ondersteuningsbasis …….. 37
4. Voorbereiding op die arbeidsveld …… 38

8. Ek het my roeping verkeerd verstaan, wat nou? ……..……38

’n Woord vooraf

Jou begeerte om meer oor “roeping” te besin, mag ’n keerpunt in jou lewe inlei. Dit is nie vergesog dat jy miskien later in jou lewe na hierdie tyd van studie en besinning oor roeping sal terugkyk met die wete dat die Here dit gebruik het om jou lewe te stuur op ’n opwindende en vrugbare lewe in sy teenwoordigheid en in sy diens.

Moet asseblief nie die studie oor roeping haas nie. Onthou dit gaan nie primêr oor die vermeerdering van kennis nie, maar om ’n ontmoeting met die Here oor sy wil vir jou lewe. Lees en oordink die gedeeltes in die Bybel waarna daar verwys word en tree as’t ware voortdurend vanuit jou eie denke en ervaringe met die inhoud in gesprek. Die studiestuk dien alleen maar as ’n riglyn en ’n katalisator vir jou gesprek met die Here en met ander gelowiges.

Uitkomste

Na afhandeling van hierdie studie behoort jy:

- in staat te wees om aan te toon dat wat die verskillende betekenisinhoude is waarna die woord “roeping” in die Bybel verwys en wat die onderlinge verband tussen die verskillende nuanses is.
- ’n breë idee te vorm van die verskeidenheid van wyses waarop God mense vir dienswerk kan roep, hulle besware en probleme tegemoetkom en hulle in staat stel om hulle roeping uit te leef.
- indringend besin het oor die verskillende sake waarop jy antwoorde moet kry voordat jy in staat sal wees om ’n duidelike geheelprentjie van jou roeping te kry.
- na die wil van die Here vir jou lewe gesoek het op ’n Bybelse verantwoorde wyse
- in die lig van die riglyne oor misverstande en probleme rakende roeping, krities na jou eie roepingsgeskiedenis gekyk het en regstellings of aanpassings in jou denke en optrede gemaak het ten einde te voorkom dat jy op ’n dwaal- of syspoor beland.

Tydskedule

Die minimum tyd wat jy sal benodig om die studiestuk sinvol deur te werk is een week.



Wenke

- Hou ’n pen en papier byderhand en skryf enige gedagte vir verdere besinning neer soos jy vorder met die studiestuk. Moenie dadelik jou volle aandag aan die gedagte gee nie, maar lees en bestudeer eers die voorgeskrewe gedeelte voordat jy jou volle aandag aan die notas gee.
- Probeer om met ander gelowiges tydens jou studie oor die inhoud te praat. Maak ’n punt daarvan om ’n kort opsomming van die gedeeltes wat jy bestudeer het, met jou gebedsgroep/ondersteuningsgroep te deel en hulle kommentaar te hoor.

- Moenie dit as jou ideaal stel om die studiestuk so gou as moontlik deur te werk nie. Dit is belangrik om die studie telkens te onderbreek sodat jy genoeg tyd het om na te dink en moontlik ook met ander te gesêls oor die verskillende aspekte van roeping wat behandel word.

Ikone

Die volgende ikone word deurgaans in die studiestuk gebruik en help jou om telkens die gang van die studie te bepaal.

Uitkomste

Opdrag

Lees/bestudeer

Oordink/Dink na

Inligting

 Wenke

Tyd

Evalueer/toets

Groepwerk

Bronne/studielys

Oefen

Prakties

Gemeenskap

HOOFSTUK 1

ROEPING: ’n BABELSE VERWARRING

Die woorde: “roeping, geroepene, sendingroeping”, wek by gelowiges ’n wye verskeidenheid van idees, assosiasies en gewaarwordinge. Wie ’n bietjie meer indringend nadink oor roeping en goed luister na standpunte en ervarings van medegelowiges, word baie gou daarvan bewus dat daar groot verwarring en meningsverskil oor die begrip “roeping” heers en dat gelowiges se verstaan van die term hulle nie alleen soms in teenoorgestelde rigtings stuur nie, maar ook dikwels lei tot groot geestelike onsekerheid en wroeging.

Merk welke van die volgende stellings aansluit by jou huidige verstaan van roeping:

- ☐ Om geroep te wees is nie die ervaring van alle gelowiges nie. Slegs wanneer jy ’n duidelike roeping van God ontvang het, moet jy voltyds in diens van die Here tree of “uitbeweeg” uit die bekende.
- ☐ Die behoefte waaraan jy iets kan doen, is jou roeping. God hoef jou nie spesiaal te roep om dit te doen nie.
- ☐ Jou gawes bepaal jou roeping. Ken jouself, beoefen jou gawes en gee so uitdrukking aan jou roeping.
- ☐ Alle gelowiges is geroep tot sending (Matteus 28:19-20). Daar is geen nodigheid vir ’n tweede of spesifieke roeping nie. Die vraag is nie of ek ’n roeping het of nie, maar of ek gehoorsaam is of nie.
- ☐ Elke mens is geroep tot wêreldevangelisasie en moet gaan behalwe as jy duidelik gestop of verhoed word om te gaan.
- ☐ Jy behoort nie ’n sendeling te word as jy geluk vind in jou beroep in die onmiddellike omgewing nie.
- ☐ “Blom waar jy geplant is”
- ☐ Roeping dui op ’n lewenstaak. Wie waarlik geroep is en dit uitleef, verander nie weer van koers nie. Verandering van beroep dui op ’n versaking van jou Godgegewe roeping.
- ☐ Roeping is ’n voortgaande proses en gehoorsaamheid aan God kan lei tot wyduiteenlopende dienswerk.
- ☐ Roeping is die gevolg van ’n bonatuurlike ingryping van God in iemand se lewe. Nie alle mense deel in die ervaring en gepaardgaande roeping nie.

Hierdie studiestuk is ’n poging om meer helderheid te kry oor die aard van roeping in die algemeen, leiding te gee vir die bepaling van iemand se spesifieke roeping, en riglyne daar te stel vir die uitleef van ’n roeping met besondere verwysing na diegene wat vir voltydse interkulturele diens geroep word.

© Toerustingsburo Interkulturele Werkers

HOOFSTUK 2

WAT IS ROEPING?

In die bespreking van "roeping" moet ons deurgaans rekening hou met die objektiewe en subjektiewe betekenisse wat die begrip "roeping" dra. Die woord verwys enersyds na iets wat ook met woorde soos taak, opdrag of verantwoordelikheid beskryf kon word. So gesien dui roeping dan op dit wat nagestreef (behoort te) word. Andersyds dui die woord ook op die subjektiewe ervaring van sekerheid wat iemand het dat hy/sy iets wil of moet doen. In hierdie geval verwys roeping na iets wat ook beskryf kon word met woorde soos oortuiging, bewustheid of passie om iets te doen. Gelowiges wat ernstig oor roeping besin, behoort duidelikheid oor beide die aspekte van roeping te kry. Ten einde 'n beter greep op "roeping" te kry, is dit noodsaaklik om te let op die verskillende wyses waarop daar na roeping in die Bybel verwys word.

1. GOD ROEP 'n SONDAAR TOT KIND, VOLGELING EN GETUIE VAN HOM

Vir 'n gelowige begin die hele debat oor die aard van en sekerheid oor roeping by sy/haar persoonlike roeping as sondaar tot kind en volgeling van God. Wanneer God sondaars uit die duisternis roep tot sy wonderbare lig (verlossing) en hulle so deel van sy volk maak, ontvang dié geroepenes daarmee saam die roeping/taak om die verlossingsdade van God te verkondig:

"God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak" (1 Pet 5:10).

Paulus bemoedig die Tessalonisense wat deur God geroep is om in sy koninkryk in te gaan, om tot eer van God te lewe (roeping): *"Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos 'n pa sy kinders het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in sy koninkryk in te gaan en so aan sy heerlikheid deel te hê."* (1 Tes. 2:11-12).

Timoteus word daaraan herinner dat God wat hom gered het, hom ook geroep het om aan Hom toegewy te wees: *"Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het".* (2 Tim.1:9).

Paulus bid vir die Efesiërs dat hulle mag verstaan wat hulle roeping tot kindskap inhou (Ef.1:18) sodat hulle lewenswandel dan ook in ooreenstemming sal wees met die roeping wat hulle ontvang het (Ef.4:1).

Dwarsdeur die Nuwe Testament word diegene wat die verlossing in Christus gesmaak het, opgeroep om nou as nuwe mense, beelddraers van God, in hierdie wêreld te leef (Vgl. bv. Ef.5:2,8; Kol. 3:15; 1 Tes.4:7; 1 Pet.1:15; 2 Pet.1:10). Elke gelowige, sonder uitsondering, het 'n roeping (taak) om elke dag onder alle omstandighede en teenoor alle mense deur woord en daad te getuig van die nuwe lewe in Christus. Geen spesiale openbaring of ervaring is nodig om dit te weet nie. Wie 'n gelowige is, het die roeping om sout en lig vir die wêreld te wees (Mat.5:13). Wie nie sout en lig wil wees nie, is óf nie 'n kind van God nie óf ongehoorsaam aan sy/haar roeping in die wêreld.

Elke sondaar wat deur God tot sy kind geroep is, ontvang daarmee saam ook die roeping om ten alle tye, onder alle omstandighede en teenoor alle mense in woord en daad van die nuwe lewe te getuig. Alle gelowiges het dus 'n (sending)roeping in hierdie wêreld.

Jy is tans besig om indringend te besin oor jou roeping van die Here. In hoe 'n mate het jy tot dusver nagedink oor die roeping wat jy saam met jou kindskap ontvang het nl. om ten alle tye en teenoor alle mense in woord en daad te getuig van Jesus Christus en die nuwe lewe wat jy van Hom ontvang het? Hoe dink jy

sal jy vaar as die Here jou lewe vandag sou toets om te bepaal of jy hierdie primêre roeping wat jy van Hom ontvang het, konkreet en prakties elke dag uitleef? Antwoorde op bv. die volgende vrae mag jou help om meer duidelikheid hieroor te kry:

- Weet ek van iemand wie se lewe daadwerklik op die een of ander wyse geraak of verander is omdat ek op die een of ander wyse liefde aan hom/haar betoon het?
- Maak my lewensstyl by my werk my kollegas of medewerkers bewus van die heiligheid van die Here?
- Getuig my woorde en dade dat ek deur Jesus Christus verlos is? Wanneer laas het ek met iemand oor die Here Jesus gepraat?
- Hoe dink jy, is 'n besondere roeping vir 'n baie spesifieke diens, vir die Here belangriker of onbelangriker as om getrou bevind te word met die algemene roeping om ten alle tye sout en lig vir die wêreld te wees?

2. GOD ROEP DIE PLAASLIKE GEMEENTE (KERK) TOT SOUT EN LIG IN HIERDIE WĔRELD

Dit was nooit God se bedoeling dat gelowiges as losstaande individue Hom sou aanbid en dien in hierdie wêreld nie. Wie tot geloof in Jesus Christus kom, word onmiddellik deel van die volk van God, die gesin van God, die gebou van God in hierdie wêreld: "Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader. *"Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. Julle is "n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, "n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot "n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as "n geestelike huis waarin God woon."* (Ef.2:18-22; Hand.2:37-42; 4:32;). Die gelowige gemeenskap, die kerk van God, is by uitnemendheid God se verteenwoordiger en werktuig in hierdie wêreld. Die roeping/taak van 'n gelowige is ingebed in die roeping/taak van die gemeente/kerk in die wêreld.

So was elke Israeliet geroep om as lid van die verbondsvolk van God te lewe volgens die verbondseise van God om sodoende 'n unieke gemeenskap in die wêreld te vorm. Hulle besondere bestaanswyse sou so getuig van die unieke, barmhartige, lewende God wat mense in ontferming red en versorg. As gehoorsame volk moes hulle as priesters van God in die wêreld diens doen. *"As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, "n koninkryk wat My as priesters dien, en "n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.' Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel."* (Ex.19:5-6). Hulle optrede moes heidene aan die enigste lewende God bekendstel wat daartoe moes lei dat die "vreemdelinge" uiteindelik opgeneem sou word in die verbondsgemeenskap van Israel wat leef om God te prys (Num.9:14;15:14-6; Rut 1:16). Toe Israel weens volhardende sonde God se oordeel ervaar het omdat hulle nie in hierdie roeping geslaag het nie, het God hulle bemoedig met boodskappe van 'n nuwe bedeling waar hulle lewenswandel en godsdiensbelewing inderdaad die verlangde magnetiese effek op heidene sou hê wat Hy altyd van hulle verwag het: *"So sê die Here die Almagtige: Volke sal kom, inwoners van baie stede. Die inwoners van een stad sal na dié van die volgende toe gaan en elkeen sal sê: "Kom ons gaan raadpleeg die Here, ons gaan vra na die wil van die Here die Almagtige. Ek gaan ook!" Baie volke sal kom, groot nasies, om in Jerusalem na die wil van die Here die Almagtige te vra, om Hom te raadpleeg. So sê die Here die Almagtige: Daardie tyd sal uit al die nasies tien man een Judeër aan die klere gryp en sê: "Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle."* (Sag 8:23). (Jes.2:2-4; Jes.49:6-7). Dit was altyd God se bedoeling dat alle nasies in Abraham en sy nageslag geseën sou word (Gen. 12:1-3).

As lid van die Nuwe Testamentiese volk (gemeente) van God moet elke individuele gelowige saam met die ander gelowiges uitdrukking gee aan die roeping van God vir sy volk in hierdie wêreld.
"Julle, daarenteen, is "n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, "n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van

© Toerustingsburo Interkulturele Werkers

God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys" (1 Pet.2:9-10).

Die roeping behels onder meer dat:

- Die gemeente op grond van God se goedheid en genade in hulle lewens sal breek met die ou sondige lewenswyse en nuut en heilig sal lewe te midde van die sondige wêreld (Ef.4-5; Fil.2:12-16; 1 Pet.1:15; Rom.12:1-2).
- Die gemeente in die krag van die Heilige Gees die getuies van Christus sal wees in Jerusalem, Judea, Samaria en tot aan die eindes van die aarde (Hand.1:8; 1 Pet.2:9).
- Die gemeente mekaar in liefde sal versorg, bemoedig en bemagtig om as God se kinders te lewe en Hom en ons naaste te dien (Hand.2:43-47; 1 Kor.12; Ef.4:11-16; Gal.6:1-2).
- Die gemeente in die barmhartigheid van God sal uitreik na die armes en verdruktes in die samelewing (1 Joh.3:17; Jak.1:26; Gal.6:8-9).
- Die gemeente voortdurend sal bid vir gelowiges (kerk), die voortgang van die evangelie en die leiers in die gemeenskap (1 Tim.2:1; Ef.6:18-20).

Die meeste opdragte van God in die Nuwe Testament word nie primêr vir die individuele gelowige gegee nie, maar vir die gemeente van God waarvan die individuele gelowige deel is. Op geen stadium mag die individu hom losmaak van die gesin van God, die liggaam van Christus (gemeente) nie. Net so mag die plaaslike gemeentes hulle ook nie losmaak van ander gemeentes nie omdat alle gemeentes saam die volk van God vorm. Saam moet alle gemeentes (en dus alle Christelike kerke) daarna streef om getrou te wees aan God se roeping vir hulle in die wêreld. Sonder eenheid kan die volk van God nooit hulle gesamentlike roeping in die wêreld uitleef nie. Daarom bid Jesus dan ook vir die eenheid van sy liggaam voor sy dood en opstanding(Joh.17).

Elke gelowige het die roeping om saam met, onder leiding van en met die ondersteuning van die plaaslike gemeente en die universele kerk, plaaslik en wêreldwyd, in woord en daad, te getuig van die nuwe lewe in Christus. Roeping is nooit 'n individualistiese saak wat onafhanklik van die res van die liggaam van Christus verstaan en uitgeleef kan word nie.

Bespreek die belangrikheid van die plaaslike gemeente in die uitlewing van 'n individu se roeping met jou gebedsgroep/ondersteuningsgroep en probeer om meer duidelikheid oor die volgende te kry:

- Het julle gemeente naas die feit dat lidmate in die algemeen streef om heilig en in liefde te lewe, 'n duidelik omskryfde fokus van bediening in die wêreld waarby die lidmate van die gemeente ingeskakel is?
- In welke mate dink julle probeer lidmate van julle plaaslike gemeente hulle persoonlike roeping verstaan en konkreet uitleef met die medewete, ondersteuning en leiding van ander lidmate van die gemeente? Het julle 'n tradisie in die gemeente van meelewing in gebed, leiding en ondersteuning van mekaar t.o.v. die roepinge wat lidmate van die Here ontvang het? Hoe dink julle sal die gemeente reageer as individuele lidmate (jy) openlik en spesifiek om leiding en ondersteuning vra in die uitlewing van hulle ondeskeie roepinge van die Here?
- Watter verbande kan julle sien tussen die roeping an die gemeente en jou roeping? Hoe dink jy kan of moet die gemeente jou begelei of steun in jou roeping?
- Wat sou 'n sinvolle wyse wees waarop jy jou roeping en soeke na die wil van die Here met die gemeente kon deel?

Vervolg .....